**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(NOORD GAUTENG HOOGGEREGSHOF, PRETORIA)**

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

30 | 01 | 2015

CASE NUMBER: A206/2014

(1) REPORTABLE: ~~YES~~ / NO

(2) OF INTEREST TO OTHER JUDGES: YES/NO

(3) REVISED.

30 · 01 · 2015
DATE SIGNATURE

In die saak tussen:

**SARA JOHANNA (SARIE) COETZEE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**UITSPRAAK**

---

**JANSE VAN NIEUWENHUIZEN R**

[1] Die appellant, 'n 60 jarige voormalige prokureur, het skuldig gepleit op 'n klag van diefstal van R 7 233 372, 21. Voomelde bedrag verteenwoordig die trust tekort op die trust rekening van die prokureurs firma SJ Coetzee, waarvan die appellant die enigste prokureur was. Die firma het 'n aktes praktyk bedryf.

[2] Die appellant is skuldig bevind en gevonnis tot 8 jaar gevangenisstraf.

[3] Die appellant kom nou in hoër beroep teen die vonnis opgelê deur die hof *a quo*.

**STRAFWYSIGINGSWET, WET 105 VAN 1997 ("die Wet"):**

[4] Die misdryf waaraan die appellant skuldig bevind is val binne die kader van artikel 51(2)(a) van die Wet en bepaal dat 'n minimum vonnis van 15 jaar gevangenisstraf vir die misdry opgelê moet word.

[5] Die hof *a quo* het, myns insiens tereg, bevind dat wesenlike en dwingende omstandighede, soos omskryf in artikel 51(3)(a) van die Wet, teenwoordig is en het derhalwe 'n mindere vonnis as die voorgeskrewe minimum opgelê.

[6] Beide partye is dit eens dat bovermelde bevinding van die hof *a quo* korrek is.

**GRONDE VAN APPEL**

[7] Die appellant voer aan dat, gegewe haar persoonlike omstandighede en meer spesifiek die omstandighede waaronder die misdryf gepleeg is, die vonnis van 8 jaar gevangenisstraf skokkend onvanpas is en dat die hof *a quo* fouteer het deur nie korrektiewe toesig, in terme van artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet, 51 van 1977, op te lê nie.

[8] Ek moet uit die staan spoor meld dat die appellant se persoonlike omstandighede, opsigself beskou, wel so 'n vonnis regverdig.

**GRONDE VIR INMENGING**

[9] Die oplegging van vonnis val by uitstek in die diskresie van die verhoorhof en 'n hof van appel mag slegs in bepaalde omstandighede met gemelde diskresie inmeng.

[10] Die gronde vir inmenging in 'n vonnis opgelê deur die hof *a quo*, is geyk en is as volg in die wel bekende saak van *S v Pieters* 1987 (3) SA 717 A op 727 F – H, opgesom:

*" Met betrekking tot appelle teen vonnis in die algemeen is daar herhaaldelik in talle uitsprake van hierdie Hof beklemtoon dat vonnisoplegging berus by die diskresie van die Verhoorregter. Juis omdat dit so is, kan en sal hierdie Hof nie ingryp en die vonnis van 'n Verhoorregter verander, tensy dit blyk dat hy die diskresie wat aan hom toe vertrou is nie op 'n behoorlike of redelike wyse uitgeoefen het nie."*

[11] Aldus Botha AR in *S v Pieters, supra*, is die enigste vraag wat beantwoord moet word, die vraag of die hof *a quo* *".rederlikerwyse die vonnis kon opgelê het wat hy wel opgelê het."*

**FEITE**

[12] Die appellant se persoonlike omstandighede is volledig in die uitspraak van die hof *a quo* vervat en dien dit geen doel om dit hierin te herhaal nie.

[13] Mnr Joubert SC, het gedurende argument, veral die omstandighede waaronder die appellant die misdryf gepleeg het, beklemtoon. Aldus mnr Joubert SC is die omstandighede van so 'n aard dat die blaamwaardigheid van die appellant onderskeibaar is van ander soortgelyke oortreders. Die opgelegde vonnis is hoofsaaklik om voormelde rede onredelik.

[14] Dit is derhalwe van belang om die omstandighede waaronder die misdryf gepleeg is van naderby te beskou. Die appellant, 'n senior prokureur, het vanaf 1988 haar eie praktyk bedryf. 'n Sekere mnr Goldblatt, 'n groot eiendomsontwikkellaar, was die appellant se belangrikste kliënt en haar grootste bron van inkomste. Die appellant het sedert 1991 al Goldblatt se aktes werk gedoen en het hom oor die jare leer ken as 'n betroubare persoon wat sy beloftes nakom.

[15] Gedurende die begin van 2008, het Goldblatt kontantvloei probleme ervaar en het hy, deur bemiddeling van die appellant, 'n bedrag van R 5 miljoen van 'n sekere mnr Jacobs geleen.

[16] Jacobs se vader en broer was kliënte van die appellant en het Jacobs hoofsaaklik die geld aan Goldblatt geleen omdat hy die appellant, 'n gesiene prokureur, vertrou het. Die appellant het aan Jacobs die versekering gegee dat sekere eiendomstransaksies van mnr Goldblatt binnekort sou registreer en dat die fondse om die lening te vereffen, derhalwe beskikbaar sou wees.

[17] In terme van 'n skriftelik ooreenkoms aangegaan tussen Jacobs en Goldblatt, sou die bedrag van R 5 miljoen tesame met rente op 2 Mei 2008 terug betaal word.

[18] Nieteenstaande verskeie desperate pogings deur die appellant, het Goldblatt versuim om die geld terug te betaal en het hy bloot gemeld dat hy nie oor die nodige fonde beskik nie. Jacobs was nie tevrede met die situasie nie en het toenemend al hoe meer druk op die appellant geplaas om die geld te betaal.

[19] Jacobs het die appellant ook begin dreig en in die appellant se eie woorde het die dreigemente uit die volgende bestaan:

*"HOF: Watse dreigemente? --- Dat hy my sal verneder en blootstel in die omgewing, Edelagbare, waar ek om* (sic) *daardie stadium al in die 20 jaar gepraktiseer het as prokureur.*

*MNR JOUBERT: Wat het hy oor u kinders gesê?*

*HOF: Net so 'n oomblik. So Jacobs het gedreig om wat te doen? ---*

*Om vir my te verneder, bloot te stel as 'n person wat nie my woord hou nie in die gemeenskap waar ek toe al 24 jaar praktiseer as 'n prokureur.*

*Ja? --- Ek en my gesin is baie betrokke by die Laerskool en die Hoërskool in Garsfontein en by die kerk, Edelagbare. Die mense het ons goed geken daar."*

[20] Jacobs het op 'n stadium klaarblyklik gedreig om die appellant se kinders ook te verneder.

[21] Ek moet op hierdie stadium meld dat die beloofde transaksies, weens geen fout aan die kant van die appellant, nie gerealiseer het nie.

[22] In reaksie op hierdie dreigemente het die appellant op 9 Julie 2008 die bedrag van

R 5 miljoen uit haar trustrekening aan Jacobs oorbetaal. Rente in 'n totale bedrag van R 797 934, 99 is ook oor die tydperk September 2008 tot Mei 2009 aan Jacobs uit die appellant se trustrekening betaal

[23] Mnr Joubert SC voer aan dat voormelde omstandighede tesame met die appellant se persoonlike omstandighede en selfs met inagneming van die erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap, korrektiewe toesig regverdig.

[24] Daarteenoor het mnr Smit, advokaat namens die Staat, daarop gewys dat die appellant op verskeie vorige geleenthede ook betalings namens Goldblatt uit haar trustrekening gemaak het. Die totale bedrag beloop R 562 754, 26 en die betalings het vanaf Januarie 2007 tot Julie 2008 geskied.

[25] Die appellant het geen verduideliking vir hierdie betalings verskaf nie. Die grootste gedeelte van hierdie geld, te wete R 476 269. 54, is voor Jacobs se dreigement in Mei 2008 deur die appellant onregmatig uit die trustrekening geneem.

[26] Voormelde dui op die volgende:

i) die appellant het voorheen, sonder enige druk of dreigmente van Jacobs, trustgeld onrematig aangewend;

ii) gemelde bedrag van R 563 754, 26, val opsigself binne die kader van 'n 15 jaar voorgeskrewe minimum vonnis;

iii) die appellant se misdadige optrede het gestrek oor 'n tydperk van 2 jaar en 5 maande.

[27] Voormelde inaggenome tesame met die feit dat die appellant R 5 797 934, 99 uit haar trustrekening geneem het om haar goeie naam te red, regverdig myns insiens nie 'n vonnis van korrektiewe toesig nie.

**BEVEL**

In die vooropstelling stel ek die volgende bevel voor:

Die appel word van die hand gewys.

**N JANSE VAN NIEUWENHUIZEN**
**REGTER VAN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**
**GAUTENG AFDELING, PRETORIA**

**Ek stem saam.**

**T P MUDAU**
**WAARNEMENDE REGTER VAN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**
**GAUTENG AFDELING, PRETORIA**

**ADVOKAAT VIR DIE APPELLANTE**

ADVOKAAT JOUBERT SC

**ADVOKAAT VIR DIE STAAT**

ADVOKAAT SMITH

---

DATUM VAN DIE VERHOOR: 27 Januarie 2015

DATUM VAN UITSPRAAK: 30 Januarie 2015